Huldeblyk:

BEYERS NAUDÉ (1915-2004)

Christoff Pauw

Beyers Naudé is vroeg op 7 September in die ouderdom van 89 jaar oorlede. Die landswye dekking wat sy heengaan geniet het, getuig van sy hoogswaardeerde nalatenskap. 'Oom Bey', soos hy liefderyk genoem is, mag ons verlaat het, maar hy bly met ons as 'n simbool van die eenheid, versoening en geregtigheid waartoe die Woord van God ons roep.

Beyers Naudé is gebore op 10 Mei 1915 in Roodepoort. Sy pa, Jozua, was 'n predikant, 'n voormalige vryheidsvegter in die Anglo-Boereoorlog, 'n taalstryder vir Afrikaans en stigterslid van die Afrikaner Broederbond. Beyers is in 1932 na Stellenbosch om teologie te gaan studeer, waar hy gou opgang gemaak het in die studentelewe.

Reeds in die eerste jaar van sy bediening is Beyers deur die Broederbond genader vir lidmaatskap. Hy het die uitnodiging heelhartig aanvaar. Vanaf Wellington het die Naudé gesin na Loxton in die Karoo verhuis, en van daar na Pretoria. In 1949 het hy studentepredikant in die gemeente Pretoria-Oos geword.

Die vyftigerjare was vir Beyers Naudé 'n periode van ontnugtering in die standpunte van sy regering en sy kerk. Hoewel hy nog in 1948 'n vurige ondersteuner was van die seëvierende Nasionale Party, het sy besorgdheid oor die rigting wat die apartheidsbeleid begin inneem het gegroei. Hy het mettertyd tot die oortuiging gekom dat apartheid nie Bybels geregverdig kan word nie.

Die moorde by Sharpeville op 21 Maart 1960 was 'n keerpunt in die land se geskiedenis. Die internasionale reaksie het die Wêreldraad van Kerke genoop om 'n afvaardiging na Suid-Afrika te stuur om die kerk se verantwoordelikheid in Suid-Afrika te bestudeer. Dit het gelei tot die ekumeniese kerkeberaad van Cottesloe in Desember 1960, waar die NG Kerk en Beyers Naudé as afgevaardigde ook teenwoordig was

Hoewel die verklaring wat die beraad uitgereik het nie insigself radikaal was nie, het dit verreikend gevolge gehad. Die reaksie vanuit Afrikanergeledere op Cottesloe was hewig. Dit was geen verrassing toe beide die Transvaalse en Kaapse sinodes later in 1961 Cottesloe verwerp het en hul lidmaatskap aan die WRK onttrek het.

Naudé was ontsteld oor hierdie self-isolering van sy kerk en het saam met 'n aantal ander predikante 'n ekumeniese liggaam, die Christelike Instituut (CI), en 'n ekumeniese blad, Pro Veritate, gestig. Sy gemeente – op daardie stadium die nuwe gemeente van Aasvoëlkop in Johannesburg – was egter ongelukkig oor hierdie 'buite-kerklike' aktiwiteite en het geëis dat hy bedank by die CI. Na vele wroeging het hy op 3 November 1963 sy afskeidspreek gelewer en die volgende oggend sy bediening voortgesit as direkteur van die Christelike Instituut.

Hy sou vir veertien jaar hierdie pos beklee en sy gewig agter die kerk se stryd teen apartheid gooi. Hy het in kontak gekom met invloedryke figure uit die swart bewussynsbeweging en die anti-apartheids bevrydingsorganisasies. Die CI, dikwels in samewerking met die SARK, het veel vermag om aan die kerk in Suid-Afrika geloofwaardigheid in die stryd teen die onreg van apartheid te wen.

Toe die CI in 1977 deur die staat verban was, is Naudé ingeperk vir sewe jaar. Tog het hy sy werk voorgesit deur besoekers van wyd af te ontvang. Toe sy inperking onverwags in 1984 gelig is het hy dadelik weer 'n publieke rol ingeneem as Sekretaris-Generaal van die SARK. As lidmaat en later predikant van die NG Kerk in Afrika het hy ook aktief deelgeneem aan die gesprekke om eenwording met die NG Sendingkerk.

Beyers Naudé se verbintenis tot eenheid, versoening en geregtigheid was dwarsdeur as protes teen apartheid vooropgestel. Sy volharding ten spyte van die emosionele seer wat hierdie verbintenis hom gebring het, is 'n inspirasie vir alle generasies in Suid-Afrika. Wat sy verhaal merkwaardig maak is dat hy, ten spyte van die behandeling wat hy ontvang het, nooit sy identiteit as Afrikaner laat vaar het nie.

Sy lewe toon aan dat teenstand teen sekere aspekte van 'n mens se agtergrond nie verwerping van daardie agtergrond in sy geheel hoef te behels nie.

Sy lewe toon aan dat teenstand teen sekere aspekte van 'n mens se agtergrond nie verwerping van daardie agtergrond in sy geheel hoef te behels nie. Dit toon egter ook aan dat teenstand teen die ongeregtighede van 'n mens se eie konteks wel moontlik is, selfs wanneer die prys hoog is. Maar nog belangriker wys sy lewe dat wanneer 'n mens buite die grense van jou erfdeel gedwing word, jy altyd daar die breër gemeenskap van gelowiges sal aantref waar God se genadige omarming gevind mag word in die gasvryheid wat aangebied word en ontvang word van ander.

Die hoop is dat Oom Bey se nalatenskap ons sal verhoed om ooit die brose bande wat hy tussen ons as kerke help vestig het, te verbreek. Hy het nie geleef om die verwerkliking van nog een van sy ekumeniese drome te sien nie, naamlik die hereniging van al die kerke in die NG Familie. Ons skuld dit aan Beyers Naudé om as Familie, maar ook in breër verband, te strewe vir die eenheid, versoening en geregtigheid wat ons roeping en ons identiteit as Christene is.